Maak Jou Eie Roomseep.

Maak jou eie roomseep met kakaobotter.

Om jou eie roomseep te maak moet jy vir jouself kakaobotter by ‘n apteek gaan koop.
Benewens 500 gram kakaobotter het jy ook nog 10 ml soetamandelolie, 2,5 ml vlugtige malva-olie, 2,5 ml vlugtige ilang-ilang-olie, 2,5 ml vlugtige olie van kuskusgras en 15 ml vlugtige olie van bitterlemoen nodig.
Smelt die kakaobotter in ‘n vlekvrye staalpot oor die laagste hitte en roer diesoetamandelolie met ‘n vlekvrye staallepel of plastiekspatula by.
Haal van die plaat af en laat effens afkoel. Voeg die vlugtige olies by en roer.
Giet die mengsel in hartvormige silikoon-muffinpanne, laat dit afkoel en sit dit dan in die yskas om kliphard te word.
Haal dit uit die panne en gebruik.
Let wel, as die seep te sag is, kan jy dit weer laat smelt en sowat 50 gram byewas byvoeg voor-dat jy dit weer in die panne giet. Dit behoort sy vorm te behou as dit eers weer gestol het. Keer dat dit pap raak as jy dit gebruik deur dit in ‘n seepbakkie te sit sodat die water kan afloop.



Roomseep word maklik met kakaobotter gemaak.

Bron: *dit idees*, April 2007.